

Vervulling van die belofte van die Gees

Hierdie verse beskryf die vervulling van die belofte van die Vader omtrent die Heilige Gees (Hand. 1:4-5; Luk. 24:49). Dit waarvoor die gelowiges voorberei is en waarna hulle so uitgesien het (Hand. 1:14), word nou 'n werklikheid.

“Toe die dag van die Pinksterfees aanbreek, was hulle almal op een plek bymekaar” (Hand. 2:1) Die Griekse woorde wat met “aangebreek het” weergegee word, is moeilik om te vertaal. Eintlik staan daar: “Toe die dag van die Pinksterfees vol geword het of heeltemal gevul is.” Dié Griekse woord vir “vul” of “vol word” word egter in die Septuagint (die vertaling van die Ou Testament in Grieks) en in die Nuwe Testament gebruik vir die aanduiding van die voltooiing van 'n periode, in hierdie geval die sewe weke ná Paasfees, toe die Pinksterfees of die “fees van die weke” (Eks. 34:22; Deut. 16:10), of die “fees van die oes, van die eersteling” (vgl. Eks. 23:16), soos dit ook genoem is, aangebreek het. Dit het op die 50ste dag ná die Paasfees plaasgevind, vandaar die naam “pinkster” – die fees op die 50ste dag.

As oesfees bevat dit die gedagte van volheid of voltooiing. Dit is dus betekenisvol dat die Heilige Gees juis op dié dag uitgestort is. Die Heilige Gees kan nou as God se gawe aan die kerk gegee word omdat Christus se verlossingswerk deur die kruis, opstanding en hemelvaart heen voltooi is.

Terselfdertyd is die Gees ook die “eersteling” van die oes. Hy waarborg dat ons uiteindelik alles sal ontvang wat God vir sy kinders by die wederkoms van Christus sal gee (vgl. Rom. 8:23; 2 Kor. 5:5; Ef. 1:14). Tussen Pinkster en wederkoms leef die kerk dus uit die volle vrug van Christus se heilswerk. Die Gees skenk hierdie vrug ryklik en waarborg die volle wasdom daarvan aan die einde van die tyd.

Die aanwesiges hoor die geluid van iets soos 'n geweldige stormwind en hulle sien iets soos vuur wat in tonge verdeel en op elkeen van hulle gekom het. Die Heilige Gees word meermale met wind in verband gebring (Eseg. 37:9; Joh. 3:8). Vuur is in die Ou Testament 'n simbool van God se teenwoordigheid (Eks. 3:2; 13:21; Deut. 4:24; Jes. 10:17). Die Heilige Gees verdeel in vurige tonge: nie los van die Vuur nie, maar aanhoudend daardeur gevoed. Uit die Gees word tonge gebore: vurige tonge, besielde tonge, geesdriftige tonge, tonge wat nie bevrore is nie, maar wat praat en getuig. Die gemeente en die enkeling wat die Gees besit, kan nie swyg nie. God se lof word besing, Sy Naam word verhef.

Laat ons die geleentheid aangryp om vir ander van God se grootheid en goedheid te vertel sodat die getal van die gelowiges vol kan word en ons Here Jesus Christus weer kan kom.

Sing: Skrifberyming 8-2:1, 2, 9

Ds. HJJ Krüger (Bultfontein)